

14 Junie Romeine 14:7-8

(Teks: 8: 17)

Ek besit self niks

Ons behoort aan God, maar self besit ons hier op aarde niks. Ons het met niks die wêreld ingekom nie en dit is baie seker: Ons gaan ook met niks hier uit nie.

Maar dit hoef ons nie in die minste mate bekommer dat ons met ons dood eendag moet afskeid neem van aardse goed nie, selfs van ons dierbares nie, want wat vir ons aan die anderkant van die graf wag, is oorweldigend.

Hier besit jy niks, maar daar word jy die eienaar, die besitter van 'n skat, van 'n rykdom wat jy nie kan beskryf in terme van Rand en sent nie. Luister net hoe pragtig staan dit in Romeine 8:17:

"Omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus. Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal ons ook deel hê aan sy heerlikheid."

Al die stoflike dinge wat bestaan, die aarde en alles daarop, die wêreld en dié wat daarop woon, alles behoort aan God. Ook jy behoort aan Hom.

Waarvoor gebruik ons die goed en die geld en die tyd wat die Here in ons hande geplaas het? In sy diens, vir die voordeel van sy Koninkryk, of vir ons eie voordeel en gerief?

Ons met ons tyd, met ons goed, met ons gesondheid behoort aan die Here.

Dr. A.H. Grové (Klerksdorp-Noord)